

# DULLSTROOM 1884-1984

Prof. C. de Jong

Departement Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika

In 1984 was dit 100 jaar gelede dat 'n Nederlandse kolonie op Dullstroom in die Zuid-Afrikaanse Republiek gestig is. Voor die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881), was die belangstelling in Suid-Afrika by die meeste Nederlanders gering. Die Transvalers se oorwinnings oor die enigszins klein Britse leer in dié oorlog het egter in Nederland groot opspraak verwek. Talle Nederlanders is in die jare 1870-1920 beïnvloed deur die Europese neo-imperialistiese uitbreidingsdrang en het daarom die voorheen onbekende of gewantroude Boere as stamverwante heldevolk in die Dietse familie verwelkom. Hulle het ekonomiese en kulturele uitbreidingsmoontlikhede in die Boererepublieke ontdek.

In hierdie jare het die laat-industrialisasie van Nederland op dreef gekom en die Nederlandse bedryfslewe het markte oorsee, onder meer in Suid-Afrika, gesoek. Die Nederlandse mark was klein en uitvoer wenslik. Bowendien was Europa tussen 1880 en 1895 in die greep van 'n langdurige depressie weens vertraagde ekonomiese groei, veral in die landbou. Om hierdie rede wou talle Nederlandse boere emigreer en sommige het die blik op Suid-Afrika gevestig. Hierdie subkontinent het van 1881 tot 1886 ewe-eens onder depressie gely en Transvaal was op die rand van staatsbankrotenskap. In 1886 het Transvaal en spoedig die hele Suid-Afrika opgebloeï danksy die ontdekking van die groot goudrif aan die Witwatersrand. Sommige Nederlanders wou Nederlandse boere in Transvaal vestig en teweens die Nederlandse taal en kultuur daar bevorder.

Dit was uiters moeilik vir vreemdelinge om landbou in Suid-Afrika te beoefen. Tussen 1860 en 1881 is verskeie vestigingspogings aangewend. Die eerste was deur die Sweed O.W.A. Forssman wat 'n groep Swede by Skandinawiëdrif in die distrik Potchefstroom wou vestig. Die tweede poging was dié van die Skot Alexander McCorkindale — 'n soort John Law — om 'n Skotse boerekolonie by Ermelo te stig. Albei ondernemings het spoedig misluk, waarna 'n Nederlandse poging in 1883 gevolg het. Die aanvoerder daarvan was Hendrik Theodor Bührmann (1822-1890), 'n Nederlander wat hom in Transvaal gevestig het.

Na 'n bedrywige tyd as lid en sekretaris van die Transvaalse Volksraad van 1848 tot 1877, het sy aansien by die Transvalers afgeneem en was sy staatkundige rol uitgespeel omdat hy in 1877 die Britse anneksasie van Transvaal afgekeur het, maar samewerking met die Britse regering op sommige gebiede bepleit het. Hy het dus 'n soortgelyke houding as Forssman ingeneem en hom in die oorlog van 1880-1881 afsydig gehou. Die Transvalers het hom dit ernstig verkwalik; dus het hy ná die oorlog na Nederland gegaan waar hy hom van September 1881 tot September 1883 vir die belange van die onafhanklike ZAR beywer het om sodoende sy aansien in Transvaal te herstel, en ook om na sy belange om te sien.

In Amsterdam het hy die koopman Wolterus Dull (1851-1901), 'n Boerevriend en lid van die komitee vir hulp aan Transvaal, ontmoet. Hy het Dull oortreed om hom as lid van die nuwe komitee vir emigrasie na Suid-Afrika te benoem. 'n Groep Nederlandse Boerevriende het in 1883 die Maatschappij tot Exploitatie van Vaste Goederen in die Zuid-Afrikaanse Republiek gestig en Bührmann as mededirekteur benoem. Die doel van die maatskappy was om grond aan te koop en Nederlandse boerekolonies daar te vestig. Bührmann het grond in Transvaal te koop aangebied en 'n Amsterdammer, J.H. Janson (jr.) het, hoewel hy nie 'n boer was nie, as leier van die eerste groep Nederlandse koloniste opgetree.

Hy het met 'n groep Nederlandse gesinne, onder wie vier boere, in Oktober 1883 uit Nederland na Durban vertrek. Hulle het per trein van Durban na Ladysmith gereis en

verder per ossewa na Ermelo getrek. Daar het hulle 'n rukkie as bywoners op Bührmann se plaas De Emigratie en naburige boereplase gewoon om te akklimatiseer. In Mei 1884 het die groep hulle gevestig op die plase Groot Suikerboschkop en Elandslaagte, wat Bührmann vir vyf gulden per morg verkoop het. Hulle vestiging aan die voet van die 200 meter hoë Suikerboschkop het die ontstaan van die dorp Dullstroom, 35 kilometer noord van Belfast in die teenswoordige distrik Belfast, tot gevolg gehad.

Bührmann was nie slegs 'n eersugtige politikus nie, maar ook 'n slim sakeman. Hy het vermoedelik die koloniste in Nederland onder die indruk gebring dat dit 'n vrugbare streek in Transvaal is, met goeie vooruitsigte vir die landbou, waar hulle hul sou gaan vestig. Die meeste Europeërs het hulle Suid-Afrika dan ook voorgestel as 'n vrugbare gebied met 'n milde of warm klimaat en welige plantegroei. Die koloniste by die Suikerboschkop is in hierdie opsig bitter teleurgestel. Dullstroom is hoog op die Hoëveld geleë (2 076 meter bo seevlak) en dit beteken baie wind en mis asook ysige winters met 'n hoë rypval. Tussen Belfast en Dullstroom is twee plase met die veelseggende name *Windhoek*

Hendrik Teodor Bührmann, 1822-1890.

FOTO: AFDELING VIR GENEALOGIESE NAVORSING, RGN, PRETORIA



en *Klappertand*. Vroeër was daar baie minder bome in Transvaal as nou, met die gevolg dat brandhout skaars en koudkry in die winter die mense se voorland was. Teen die mure van die hotel in Dullstroom hang tans nog Europese bedpanne wat destyds in die winter vir die verwarming van beddens gebruik is.

Van subtropiese gewasse was daar geen sprake nie; die iepe- en bekebome asook platane wat die koloniste aangeplant het, het egter goed geaard. Die grondvrugbaarheid was ook ongunstig want Suid-Afrika het min van die swart grond wat in Europa en die Amerikas algemeen voorkom. Die afgeleëheid van Dullstroom het akkerbou ook bemoeilik. Die feit dat wolskape en beeste, veral Friese, goed geaard het, het tot gevolg gehad dat veeteelt die belangrikste boerderybedryf geword het.

Soos dit by groepskolonisasie die reël is, het daar onder die Nederlanders by die Groot Suikerboschkop spoedig rusie ontstaan en sommige het die leiers van misleiding beskuldig. 'n Paar koloniste het elders 'n bestaan gaan soek, maar die meeste het gebly en volgehou. Die leier, J.H. Janson, het nie moed verloor nie en sy pos behou. Die klimaat was droog, dog vry van tropiese siektes en plaë en in daardie opsig gesond vir mense en huisdiere. Bowendien het Transvaal na 1886 vinnig vooruitgegaan weens die opkoms van die Witwatersrand en die ontstaan van markte vir die boere. Hoe die verwoestende runderpes van 1895-1896 die Dullstromers getref het, kon nie met sekerheid vasgestel word nie.

Die volkskarakters van Nederlanders en Afrikaners verskil in baie opsigte aansienlik en aanvanklik was daar in die omgewing van Dullstroom baie wedersydse kritiek. Die onderlinge verstandhouding was van die begin af nogtans redelik goed en het steeds verbeter namate die Nederlanders hulle by omstandighede aangepas het.

Soos by ander groepskolonisasies was die keuse van Nederlandse emigrante vir vestiging op Dullstroom ver van volmaak. Bührmann was 'n oortuigde lidmaat van die Nederduitsch Hervormde kerk en het aan koloniste van sy eie kerkverband voorkeur gegee; sy keuse het egter nie ekonomies sukses gewaarborg nie. Ervare boere, soos Ahlers en sy seuns, was in die minderheid. Die meeste was vir ander beroepe gekwalifiseer (soos dié van ambagsman of handelaar) en moes die boerderymetodes wat in Suid-Afrika allesbehalwe maklik was, aanleer. Sommige van die koloniste het volhard en aangebly, terwyl andere weggetrek en elders 'n bestaan gaan voer het.

Nuwe koloniste het uit Nederland gekom, hul teleurstelling oor die bestaan op Dullstroom duidelik laat blyk en hulle aangepas of vertrek. Dié wat gebly het, het 'n dorp gestig. In 1887 is 'n eenvoudige, klein granietsuil met 'n inskripsie op die Oranjeplein in die dorpie ter ere van die dorpstigters opgerig: "Ter gedachtenis en hulde aan J.W. Gunning, H.N. Teding van Berkhout, G.J. Th. Beelaerts van Blokland, W. Dull, H.J.F. de Waal, H.T. Bührmann, J.H. Janson Jnr., door de vereenigde Hollandsche kolonisten opgericht, 1887." Dit is die name van die direkteure van die kolonisiemaatskappy in Amsterdam. J.H. Janson was die plaaslike leier en is in 1885 deur die regering van Transvaal as vrederegter benoem om klein plaaslike regsge-sille op te los.

Die kolonisasie Dullstroom was Bührmann se laaste betekenisvolle onderneming. Die siekte wat hy in Europa ontwikkel het, het na sy terugkeer na Transvaal vererger. Van 1884 af het hy hom op sy plaas De Emigratie teruggetrek. Sy toestand het geleidelik versleg en op 12 Mei 1890 is hy oorlede. Hy is op De Emigratie begrawe. Daar is een gedenkteken wat hierdie dikwels omstrede man eer en dit

is die klein monument op Dullstroom.

Die dorp het geleidelik vooruitgegaan. Die boere het onder meer botter en kaas gemaak en sonder moeite verkoop. J.H. Janson het in 1887 'n "boerewinkel" (dit is 'n algemenehandelaarsonderneming) begin, asook 'n hotel, smidwinkel, pottebakkerij en watermeul (die Hollandia). 'n Laerskool is geopen en die Nederlandse avonturier Antony de Vletter het sy laaste lewensjare in 1887 tot 1896 as posmeester en eerste onderwyser op Dullstroom deurgebring.<sup>1</sup>

Dull het as afgevaardigde van die Amsterdamse maatskappy die dorp in 1890 besoek en daarvoor gunstig verslag gelewer. As dankbetuiging aan hom is die dorp Dullstroom genoem toe dit deur die regering in 1891 tot selfstandige munisipaliteit verklaar is. Oor die ironiese sinspelings op die dorpsnaam omdat "dull" in Engels "saai" beteken, het die inwoners hulle nooit bekommer nie. "Stroom" in die dorpsnaam het betrekking op die naburige Krokodilrivier.

In 1893 het die Nederlandse argitek W.P. Diepraam en die aannemer G. Gude die eerste kerkgebou voltooi. Dit was uiteraard 'n Nederduitsch Hervormde gemeente. Ds. M.J. Godefroy het van tyd tot tyd uit Pretoria daarheen gegaan om te preek en die sakramente te bedien.


'n Hoogtepunt was die amptelike besoek van president S.J.P. Kruger aan Dullstroom op 17 Desember 1894. Hy

*Die gedenksteen wat in 1887 op die Oranjeplein opgerig is ter nagedagtenis aan die stigters van Dullstroom. Die steen is in 1934 verskuif na die Joubertplein.*

FOTO: C. DE JONG



1. J. PLOEGER, Uit die briewe van Antony de Vletter, huisonderwyser, staatsmaker van die 'Nieuwe Republiek', wildjagter, goudelwer, eerste onderwyser en posmeester van Dullstroom 1882-1888, *Historia* 7(2), 1962, pp. 107-120.



is saam met die dorp se vername mense tussen twee vlagpale, waaraan die Nederlandse en die Transvaalse vlag gewapper het, gefotografeer.

Die Dullstromers het bewys dat hulle lojale landsburgers was. Die mans het herhaaldelik op kommando gegaan: aan die begin van 1896 om die Jamesoninval te stuit, in 1898 om die Magatostam in Noord-Transvaal tot orde te roep en in September 1899 om teen die Britte te veg.

Die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het ook in die geskiedenis van die klein dorpie Dullstroom 'n beslissende wending gebring. Vir Boer en Brit was die Groot Suikerboschkop van strategiese belang en daar het in Desember 1900 en Desember 1901 hewige gevegte plaasgevind. By Dullstroom, langs die pad na Lydenburg, is 'n klein begraafplasing met die grafte van agt Britte wat op 9 Desember 1901 daar geval het. In die nabyheid is grafte van Boere wat in dieselfde geveg gesneuwel het. Die Britte het die dorp en ook die kerk op 16 November 1900 ten dele en op 18 April 1901 heeltemal verwoes. Die mans was weg op kommando en die vrouens en kinders is na die konsentrasiekamp by Middelburg gestuur.

Na die oorlog het 'n swaar ekonomiese depressie in Suid-Afrika geheers. Dit was een van die redes waarom die meeste Dullstromers nie na hul verwoeste dorp teruggekeer het nie en hulle elders in die land of in Nederland gaan vestig het. Onder dié wat na Nederland teruggekeer het, was jonkheer Hendrik van de Poll, eienaar van die watermeul Hollandia. Hy was op kommando tot met die vrede op 31 Mei 1902. Sy gesin het gedurende die oorlog na Nederland vertrek. Van die min Nederlandse gesinne wat hulle weer op Dullstroom gevestig het, was onder andere die Jansons, Ahlerse, Diepraams en Schimmelketels. W.P. Diepraam het in 1905 die huidige Nederduitsch Hervormde kerk gebou. Weens die depressie is nie 'n toring opgerig nie en is die klok in 'n klokstoel opgehang.

Die dorp is geleidelik herbou. In 1910 het die spoorlyn wat van Belfast na Lydenburg aangelê is, Dullstroom bereik en het die dorp 'n spoorwegverbinding gekry (op 2 076 meter bo seevlak is dit die hoogste spoorwegstasie in Suid-Afrika). In 1917 is 'n nuwe skoolgebou geopen. In dieselfde jaar het J. Postmus, direkteur en bestuurder van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika (tans Nedbank), 'n tak van sy bank geopen wat die eerste handelsbankkantoor op Dullstroom was.

Die bank het onlangs 'n nuwe gebou by die Oranjeplein betrek. Die Nasionale Bank — tans Barclays Bank — het 'n paar jaar later ook 'n kantoor by die Oranjeplein geopen, maar dit is kleiner as eersgenoemde bank.

Dullstroom het stadig gegroei, want die nabygeleë Lydenburg het die streeksentrum van Noordoos-Transvaal geword.

2. *Hollands weekblad voor Zuid-Afrika*, 15.12.1934, p. 2: Feesviering te Dullstroom, Ontwikkeling van monument, en 12.1.1935, pp. 2-7: Toesprake gehou by die ontwikkeling van die monument te Dullstroom.

Dullstroom het nie meer enige wesentlike Nederlandse trekke nie, want die meeste naoorlogse inwoners was gebore Afrikaners. Hierdie verandering van dorpsaard blyk onder meer uit die stigting van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente in 1916 en die inwyding van die Nederduitse Gereformeerde kerkgebou met 'n statige toring in 1920, wat baie groter is as die Nederduitsch Hervormde kerkgebou. Die dorp het in 1980 ruim 200 Blanke en 780 Swart inwoners getel.

Die uiterlike band met die verlede is intussen gehandhaaf. Die gedenkteken van 1887 is in 1901 deur die Britte verwyder, maar Diepraam het dit gered en jare lank in sy huis gebêre. Dit is weer in 1934 opgerig by die herdenking van die stigting van die dorp 50 jaar tevore. Oud-Nederlanders was onder die lede van die jubileumkomitee en het ook toesprake gehou.<sup>2</sup>

Die dorp is wyd verspreid aangelê en die meeste strate het geen naamborde nie. Volgens die telefoongids dra hulle tradisionele Afrikaanse name, soos Voortrekker-, Jan van Riebeeck- en Piet Retiefstraat, maar ook name van die Nederlandse pioniers soos Beelaerts van Blokland-, Teding van Berkhout-, Lion Cachet-, Harting- en De Waalstraat.

'n Begraafplasing is meestal 'n oopgeslane boek vir die geskiedenis van die boereplasing, dorp of stad waar dit aange-tref word. In die ou begraafplasing by Dullstroom is die grafte van Nederlandse stigters te sien en bekende name soos Janson, Ahlers, Diepraam, Schimmelketel en Ottens, word daar aangetref. 'n Afstammeling van J.H. Janson (jr.), naamlik T.N.H. (Punt) Janson, het na die Tweede Wêreldoorlog predikant, Volksraadslid en minister geword.

Dullstroom het sy ontstaan te danke aan die waagmoed en deurstellingsvermoë van Nederlanders wat vertrouwe gehad het in Suid-Afrika en daarom sal die nagedagtenis van sy stigters in ere gehou word. ©

## BRONNELYS

*Fauna en flora* 41, 1984.

*Die Hervormer*, Oktober 1983, p. 11: Die stigting van Dullstroom in 1884 (D.J.C. van Wyk).

*Die Hervormer*, Julie 1984, p. 11: Dullstroom — heropbou — 1903-1924. *Hollands weekblad voor Zuid-Afrika*, 15.12.1934 en 12.1.1935.

J.H.H. J[ANSON]. Die ontstaan en stigting van Dullstroom, in A.P. VAN DER MERWE, *'n Kort geskiedenis van Belfast en distrik*. Johannesburg 1951.

PLOEGER, J. Die lotgevalle van jonkheer Hendrik van de Poll, en van die staatsmakers van Groot Suikerboschkop, *Hertog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 12(16), Desember 1963. PLOEGER, J. Uit die briewe van Antony de Vletter, huisonderwyser, staatsmaker van die 'Nieuwe Republiek', wildjagter, goudelwer, eerste onderwyser en posmeester van Dullstroom 1882-1888, *Historia* 7(2), 1962.

SWART, M.J. *Hendrik Theodor Bührmann: sy rol in die Transvaalse republiek*. Kaapstad, 1963.

VAN DER MERWE, A.P. Dullstroom, in *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 4. Kaapstad, 1971.

VAN WINTER, P.J. *Onder Krugers Hollanders: geskiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij* 2. Amsterdam, 1938.

## BESPREKINGS / REVIEWS

A. DE V. MINNAAR. *Empangeni: A historical review to 1983*. Local History No. 2. Human Sciences Research Council: Pretoria, 1984. 100 pp. Illus. R7,00 (exclusive). ISBN 0 7969 0088 4.

In reviewing the first volume in the Local History series, which dealt with Postmasburg (see CONTREE, No. 14, July 1983), Dr O.J.O. Ferreira looked forward to further volumes with a sense of pleasure. This second volume, which deals with the cultural and commercial centre of the Lower Umfolozi district, one of the major sugar-producing districts in Natal, is a worthy successor. Much of what was said about the book on Postmasburg may be echoed in speaking of this volume, which like its predecessor is a slim volume, concisely and economically written, packed with information on a wide range of topics, and thoroughly researched. Mr Minnaar has consulted not only the official magisterial records of the Lower Umfolozi district, records of the Town Board and Town Council, but also the minute